**SAFLII Note:** Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA**

**(NOORD GAUTENG, PRETORIA)**

Saaknommer: 36863/07

Datum aangehoor:01/12/2009

Datum van uitspraak:08/12/2009

NOT REPORTABLE

In die saak tusscn:

P. SLABBERT EISER

en

PADONGELUKFONDS VERWEERDER

**UITSPRAAK**

DU PLESSIS R:

Die eiser in hierdie derdeparty-saak is op 10 Junie 2003, toe hy tussen 20 en 21 jaar oud was, in 'n motorbotsing beseer. Die verweerder het erken dat dit vir 80% van die skade wat die eiser as gevolg van sy beserings gely het, verantwoordelik is Die verweerder het ook by monde van sy advokaat. mnr Bezuidenhout, n aantal erkennings ten aansien van die eiser se skade gemaak. Eerstens is erken dat die eiser skade in die vorm van mediese uitgawes gely in die bedrag van R47 243.50. Tweedens het die verweerder erken dat die eiser as gevolg van sy beserings in die toekoms ook mediese- en hospitaal uitgawes sal moet aangaan Daarvoor het die verweerder onderneem om ingevoige artikel 17(4)(a) van die **Padongelukkefondswet, 56 van 1996** aan die eiser n ondememing te gee om 80% van sodamge uitgawes te betaal In die derde plek het die verweerder erken dat. as dit nie vir die eiser se beserings was nie. die huidige waarde van sy verdienvermoe op R4 296 603 te staan sou gekom het In die lig van sy beserings, het die verweerder erken, is die eiser se huidige verdienvermoe R3 216 064 By noodwendige implikasie het die verweerder dus erken dat die eiser as gevolg van sy beserings n verlies aan verdienvermoë gely net Dit is

gemeensaak dat die eiser vergoeding van die Vergoedingskommissaris ontvang het in die bedrag van R52 368.50 en dat dit afgetrek moet word van enige toekennmg wat hierdie hof maak.

Twee aspekte van die eiser se skade was toe die verhoor begin het nog in geskil. In die eerste plek was daar 'n geskil oor die mate waartoe onvoorsiene omstandighede. gebeurlikhede die eiser se verlies aan verdienvermoe sal affekteer In die tweede plek was die bedrag wat as algemene skadevergoeding toegeken moet word in geskil

Met die aanvang van die verhoor is ek meegedeel dat deskundige getuies wat onderskeidelik namens die partye sou getuig byeengekom het en notules van hulle samesprekings opgestel het. By ooreenkoms is daardie notules as onbetwiste getuienis voor die hot geplaas

Die eiser het ingevolge die hofreels kennis gegee van sy voorneme om n aantal deskundige getuies ie roep en het die gebruiklike opsommings van hulle getuienis geliasseer. Drie van daardie deskundiges. dr Van Der Meulen, mnr Roper en me l-M Hattingh, sou getuig oor deskundige dissiplines ten aansien waarvan die verweerder geen deskundige getuienis beskikbaar gehad het me Mnr Bezuidenhout het namens die eiser die inhoud van die verslae van die gemeide drie deskundiges erken

Namens die eiser het sy vader en twee deskundiges, me W van der Walt, 'n arbeidsterapeut en dr I Walters, 'n bedryfsielkundige getuig.

Uit die getuienis, die notules en die verslae wat erken is. blyk daar klein verskille oor presies watter beserings die eiser opgedoen het Dit kan egter aanvaar word dat die eiser die volgende beserings opgedoen het n hoofbesering; 'n fraktuur van die ribbes met bilaterale pneumotoraks. stompgeweld teen die maag met kneusing van die milt en 'n sny aan die lewer; 'n sagteweefsel-besering aan die nekwerwels. 'n sagteweefselbesenng aan die lae rug: 'n sagteweefselbesering aan die linkerknie en snywonde Na die botsing, in die hospstaal het die eiser as gevolg van sy beserings 'n serebrale infarksie (beroerie) gehad wat hom met 'n linker hemiparese gelaat het Ek sal later meer volledig daarna verwys. maar die onbetwiste getuiems toon ook dat die eiser as gevolg van die hoofbesering kognitiewe inkorting ondergaan het wat veral tot gevolg het dat sy geheue en konsentrasievermoe aangetas is In n mindere mae toon die getuienis dat hy persepsie probleme het wat veroorsaak dat hy syfers en letters omdraai. dat hy probleme het om impulse ie beheer wat veral in aggressie manifesteer en dat hy depressief is.

Voordat ek verder met die getuiems handel. wys ek daarop dat die geskille waaroor beslis moet word in die !ig van die advokate se betoé aan die einde van die saak nog verder vernou het,

Die advokate was die eens dat 20% van die ooreengekome verdien-vermoë voor die botsing afgetrek moet word vir gebeurlikhede Die persentas>es wat vir gebeurlikhede afgetrek moet word van of bygetel moet

word by 'n eiser se berekende verdienvermoê is uiteraard spekulatief Die eiser was nog jonk toe d.ie botsing plaasgevind het en dit is logies dat die bepahng van sy verdienvermoé voor die botsing aan baie onsekerhede onderhewig is. Die getuienis toon nie dat hy onverwags goed sou presteer me. Ek meen dat die 20% aftrekkmg waaroor die advokate drt eens was 'n redeiike bepaling van die gebeurlikheidsyfer is as 'n mens die eiser se jeug ten tye van die bepaling in ag neem en ek pas dit dus toe.

Die advokate was dit verder eens dat aigemene skade van R600 000 gepas is. Ek sou moontlik na volledige betoog ietwat minder as geskik beskou het maar bedrae wat vir aigemene skade toegestaan word, kan ook nie met presisie bepaal word nie. Die syfer is me sodamg dat ek in die afwesigheid van volledige betoog daarvan wil afwyk nie.

Die enigste oorblywende geskilpunt is die bedrag wat van die eiser se huidige verdienvermoë afgetrek moet word vir gebeurtikhede. Om ingelig daaroor te besluit, moet bepaal word tot watter mate die eiser se beserings veroorsaak het dat sy toekoms onseker is. Anders gesien. moet corweeg word wat die kanse is cat die eiser in die hg van sy beserings minder of meer sal verdien as dit wat by ooreenkoms sy huidige verdienvermoé is. Ek is nie van voorneme om die getuienis voliedig op te som nie. In die opsommings wat nou volg bepaal ek my by getuienis wat die oorblywende geskilpunte raak.

Dit is gemeensaak dat die eiser tot gr 9 op skool gevorder het en toe N3 in bes;gheidsbestuur by 'n tegmkon behaal het 'n kwalifikasie wat gelykstaande is aan gr 12 Die eiser het by 'n koóperasie gewerk en toe by 'n paneelklopper Daarna is hy as motorfiets-bestuurder aangestel deur Numbi Motors waar sy vader die onderdeiebestuurder was Na die botsing kon die eiser nie met sy werk as motorfiets-bestuurder aangaan nie en is hy aangestel om in die onderdele-stoor te werk !n 2005 het hy by dieselfde ondernermng onderdele-verkoopsman geword Nadat sy vader weg is as onderdelebestuurder het die eiser en sy direkte toesighouer nie klaargekom nie Hy het toe in Februane 2008 by Furie Ford as onderdele-verkoopsman werk gekry. Hy werk nog daar

Uit die gesamentlike notule van die ortopediese chirurge, dr Kruger en dr Geldenhuys. blyk dit dat, alhoewel chirurgie om die hemi-parese te verlig nie wenslik is me. daar wel n kans is dat dit noodsaakhk sal word. Daar is ook ‘n kans dat die eiser chirurgie aan die knie en rug sal moet ondergaan Die ortopede is drt eens dat die eiser met sy huidige werk sal kan voortgaan. Watter impak, inaien enige, die moontlike chirurgie op sy loopbaan sal he blyk nie uit die notule nie.

Drs Rossouw en Fleming, neuroloe. is dit eens dat die eiser as gevolg van die hemi-parese ¯n spastiese linkerarm het maar dat daar min tekens van in die linkerbeen is. Dr Rossouw is van oordeel dat die eiser se loopbaan met vyf tot tien jaar ingekort is. Ek is meegedeel dat die ooreengekome syfer vir die eiser se huidige verdienvermoe reeds vir vroeê aftrede voorsiening maak en dr Rossouw se mening affekteer dus me

gebeurlikehede me Dr Fleming meen dat daar n sowat 5% kans is dat die eiser as gevolg van sy hoofbesering epilepsie kan ontwikkel. Die eiser se vader het getuig dat hy een epileptiese aanval na die

botsing gehad het en daardie getuienis is me betwis me Dr Rossouw meen dat die kanse dat epilepsie weer kan voorkom sowat 5 tot 10% is

Die neurochirurg. dr van der Meulen wys daarop dat die eiser se hemi-parese veroorsaak dat hy, benewens sy spastiese linkerarm en prakties onbruikbare linkerhand. met ‘n effense spastiese gang aan die linkerkant loop Dr Van der Meulen se mening dat dte eiser sowat twee weke bewusteloos was as gevolg van n ernstige breinbesering is erken As gevolg daarvan is die eiser volgens dr Van der Meulen kogmtief ingekort: Sy korttermyn-geheoe is onder gemiddeld. sy vermoë om reekse syfers te onthou. sy rekenkundige vermoé en sy begnp van geskrewe woord is swak Dr Van der Meulen meen. met verwysing na sekere tabelle wat in die VSA geld, dat die eiser se “hele persoon ' met sowat 57% ingekort is. Alhoewel die syfer self taamhk niksseggend is, toon dit darem dat die dokter die kognitiewe en fisiese inkortmg as ernst;g beskou.

Mnr Leon Roper, die neuro-sielkundige wie se versiag as getuienis erken is. het ‘n onderhoud met die eiser gevoer, sielkundige toetse wat op hom gedoen is ontleed en inhgting wat van die eiser en sy moeder afkomstig is in ag geneem Mnr Roper se versiag toon ook dat die eiser kogmtief ingekort is Verder toon die versiag dat die eiser emosionele (psigiese) tekortkommgs ervaar as gevolg van sy breinbesring Hy is opvlieend. aggressief en depressief met 'n verlaagde vermoe om sensoriese impulse te verwerk en toepaslik daarop te reageer Hy is nie gemotiveerd nie Wat sy kognitiewe vermoéns betref. sukkel hy om te konsentreer en te onthou en om geskrewe en gesproke taal te verstaan en toepaslik aan te wend.

Mnr Roper meen dat die eiser se kogmtiewe en psigologiese inkortings tot gevolg het dat sy interpersoonlike verhoudings te wense oorlaat. Hy is, meen mnr Roper, beduidend minder mededingend in die ope arbeidsmark As hy sy werk verloor, sal hy volgens mnr Roper dit baie moeiiik vind om ander werk te kry.

Mnr Roper meld in sy verslag nie veel getuienis oor die eiser se vermoëns voor die botsing nie. Uit hoofde van die eiser se akademiese prestasie voor die botsing meen mnr Roper dat die kognitiewe en psigologiese inkortings deur die botsing veroorsaak is Wat sy werksrekord sedert die botsing betref. meen mnr Roper dat die eiser tans 'n sg Simpatieke werkgewer het As hy sy werk verloor, sal hy weer van die simpatie van n werkgewer afhanklik wees.

In hulle gesamentlike notule spreek die arbeidsterapeute, me Van der Walt en me Potgieter ook die menmg uit dat die eiser se neurologiese. kogmtiewe en perseptuele inkorting sy werksvermoe ingekort het. Hy het gevoiglik struktuur en toesig by die werk nodig Die eiser werk stadig maar hy is in staat om te werk solank sy werkgewer sy probleme ken verstaan en bereid is om hom te akkommodeer.

In haar getuiems het me Van der Watt bevestig dat sy meen dat die eiser base moeiiik werk sal vind as die werkgewer nie simpatiek is me

Twee bedryfsielkundiges. dr Watters en me White het ook n gesamentlike verslag voorberei. Hulle het ook aanvaar dat die eiser tans n simpatieke werkgewer het en daarop gewys dat dit horn kwesbaar maak indien hy sy werk verloor

In haar getuienis het dr Walters dit beklemtoon dat die eiser vanweë sy tekortkominge 'n besonder onsekere toekoms het

Die eiser se vader het getuig dat, alhoewel die eiser die werk wat hy tans het self bekom het. die eienaar van die besigheid 'n kenms van die getuie is. Dieselfde geld vir die eiser se direkte toesighouer mnr Webster As die eiser sy werk verloor. het mnr Slabbed getuig. het hy probleme omdat hy wat Slabbert is net soveel vriende het.

Ek meen nie dat die spraakterapeut. me l-M Hattingh se verslag toevoeg tot die bogemelde getuienis me. In wese stem sy saam dat die eiser moeiiik werk sal kry as hy sy werk verloor

Opgesom toon die getuienis dus dat die eiser die werk wat hy doen met moeite hanteer en me werklik op die ope mark daarvoor kan kompeteer n»e Sy gebrek aan volgehoue konsentrasie en geheue veroorsaak dat hy foute maak met die nommers van onderdele en met pryse Sy werk moet gekontroleer word. Sy psigiese inkortings veroorsaak dat hy soms klante nie na wense hanteer nie. moet gereeld

Vir die eiser het mnr Fourie betoog dat daar van die eiser se ooreengekome huidige verdienvermoe 'n gebeurlikheidsaftrekking van 60% gemaak moet word Mnr Bezuidenhout het betoog dat die syfer 50% moet wees.

By bepaling van die syfer moet in ag geneem word dat die eiser se huidige verdienvermoe reeds in ag neem dat hy waarskynlik vroeer sal moet aftree en in elk geval swakker sal vorder as wat hy sou vorder as dit nie vir die botsing was nie Die eiser se werksgeskiedenis sedert die botsing toon dat hy van stoorman na verkoopsman gevorder het by Numbi Motors Dit toon voorts dat hy 'n betrekking as verkoopsman by Furie Ford bekom het en dit nou vir byna twee jaar behou. In die lig van die erkennmgs wat die verweerder gemaak het en van mnr Slabbed (sr) se onbetwiste getuienis, moet ek egter aanvaar dat die eiser se gemelde werksgeskiedenis meer rcoskleuring lyk as wat dit is omdat sy werkgewers in albei gevalle simpatiek was Selfs met dit in ag genome meen ek dat dit onrealisties is om te aanvaar dat hy slegs 40% van sy huidige potensiaal sal bereik Hy is egter vanweë sy beserings in 'n posisie gepiaas waar hy waarskynlik vir lang tye sonder werk sal wees Die syfer van 50% wat mnr Bezuidenhout aan die hand gedoen het is meer realisties

Opsommend meen ek dat die eiser die volgende skade gely het:

- Mediese uitgawes reeds aangegaan R 47 243,50

- Verlies aan verdienvermoë R1 829 250.40

R4 296 603 - R 859320.60 (20%) = R3 437 282.40

R3 216 064 - R 1 608 032 (50%) = R1 608 032

- Algemene skade R 600 000 .00

Totaal R2 476 493.90

80% verdeling: R1 981 195,72

Minus ongevalle-toekenning R 52 368.50

Bed rag nou toegeken staan te word R1 928 826.62

Mnr Fourie het aan die einde van die verhoor 'n konsepbevel opgehandig Mnr Bezuidenhout het me betoog dat die bevel nie toegestaan moet word nie Daar is egter twee aspekte wat na my oordeel nadere oorweging verdien Ten aansien van deskundige getuiems se gelde word ‘n taamlik gedetaiileerde bevel gevra Na my oordeel is dit gewoonweg die hof se funksie om te beslis of die kwalifiserende geid van bepaalde deskundiges toegelaat moet word of me Wat die kwalifiserende gelde van elke deskundige behels. is iets waaroor die takseermeester moet beslis.

Die konsepbevel maak ook daarvoor voorsiemng dat die verweerder die koste meet betaal van ‘n trustee wat die eiser se geld moet beheer Alhoewel van die deskundige getuies meen dat die eiser hulp sal benodig om die toekenning wat hy ontvang te administreer. is hy ten voile handelingsbevoeg. Daar is geen getuienis dat hy me self weet hy het sulke hulp nodig me Daar is ook geen getuienis dat hy me soos enige ander mens sy geld sal kan beiê met advies van sy bank of 'n ander finansiele raadgewer nie Die feit dat dit horn geid mag kos om sy geld ie belê is nie aan die botsing te wyte nie.

Gevolglik word die volgende bevel gemaak

1. Die hof staan vonnis toe teen die verweerder ten gunste van die eiser in die bedrag van R1 928 826.62.

2. Die verweerder word gelas om ingevolge artikel 17(4)(a) van die Padongelukkefondswet, 56 van

1996 aan die eiser n onderneming te gee ten aansien van 80% van die koste van toekomstige huisvesting van Pieter Slabbert. Identiteitsnommer 8[...] (dieeiser). in n hospitaal of verpleeginrigting of behandeling van of lewering van n diens of verskaffmg van goedere aan die eiser wat uit die beserings voortspruit wat hy opgedoen het in die botsing wat op 10 Junie 2003 plaasgevmd het

3. Die verweerder word gelas om die eiser se koste van die geding te betaal, msluitende d»e verhoorkoste van 25 November 2009, 30 November 2009 en 1 Desember 2009 Die koste sluit die koste in van n senior-junior advokaat en ook die advokaat se koste om die voorverhoorkonferensie by te woon.

4 Die koste sluit voorts die kwalifiserende gelde in van die volgende deskundige getuies:

4.1 Dr PP Kruger

4.2 dr AP Rossouw;

4.3 me W van der Walt.

4 4 dr W van der Meulen;

4.5 dr IE Wallers,

4.6 me l-M Hattingh;

4.7 mnr Leon Roper.

4.8 prof Du Plessis (aktuaris)

5. Betalings mgevolge hierdie bevel moet geskied aan die eiser se prokureurs wat dit ten behoewe van die eiser sal ontvang. Betaling moet geskied deur die bedrae in te betaal in die trusttjekrekening van Chrsto Botha Prokureurs gehou te ABSA bank. Lynwood Ridge, takkode 3[...] met rekeningnommer 4[...] onder die prokureurs se verwysing LEM1/2181

BR du Plessis

Regter van die Hooggeregshof

Namens die *eisers* ADV M. J. Foune

Christo Botha Prokereurs

Schoeman Straat 960

Arcadia

Pretoria

Namens die Verweerder Adv · c D

Adv. L. F Bezuidenhout

Fourtefishmer Inc PSF Law Chambers

H/V Brooklyn Straat en Brooks Straat

Menlopark

Pretoria